# JACOBSBAAI SE AANDLIED

Musiek: Marie Tredoux
Teks: Marie Tredoux

Klim oor die duin as die son gaan kooi soek
klim deur die seelaventel
klim oor die duin as die wolke bloos
jy kan vinnig stap of drentel

Kyk jy's nou bo en hier onder jou
trek die see haar nagrok aan - potblou
en die spierwit kant op die soom se rant
lê en sidder op die sand

Sit op die duin as die son gaan kooi soek
tussen die duinerietjies
sit op die duin as die wolke bloos
sit en talm nog 'n bietjie

Hoor hoe die see met haar neuriesang
wiegeliedjie-walgooi teen die bang
en haar kinders sus en haar kinders troos
wiegeneurie-troos haar kroos

Klim oor die duin as die son gaan kooi soek
klim deur die seelaventel
klim oor die duin as die wolke bloos
jy kan vinnig stap of drentel

Wag tot die maan se flikkerlig
wilde danspatrone gooi in die wind
soos ‘n kersvlam speel oor die slaapgesig
van 'n mat en moeë kind

Sit op die duin as die son gaan kooi soek
talm maar nog 'n bietjie
kom sit langes my as die wolke bloos
want sy sing vir jou
ja vir jou en vir my
haar neurie-wiegeliedjie